
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**13 Februarie 2022**

---

## WELKOM BY ONS EREDIENS

**EREDIENSTYD: 9:00** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

### Woordbediening

**Skrifgedeelte:** 1 Korintiërs 13
**Boodskap:** Liefde is die allerbeste – liefde maak heel wat die sonde stukkend breek!

### Eredienste : Covid 19

Weens Covid-19 word lidmate, wat nie fisies hier kan wees nie, uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens op Noordrand se YouTube-kanaal – kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat 'Live' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**13 Feb:** Hennie Marx;
**14 Feb:** Jeanne Prinsloo;
**15 Feb:** Jaco Breedt; Lesley Stander;
**16 Feb:** Herman Steyn;
**19 Feb:** Gretha Dreyer;

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## Meelewing

***Tee / koffie – kerksaal***

Ons dank die Here dat ons ook vandag na ons erediens vir gemeenskap van gelowiges rondom `n koppie tee of koffie in die kerksaal kan kuier.

***Covid-19***

Ons dank die Here vir sy groot genade in die afname van infeksies en vir die verslapping van die maatreëls. Ons bid en vertrou dat daar spoedig `n einde sal kom aan die pandemie.

***Gesondheid***

Ons dank die Here dat Johan Stander se rugoperasie goed verloop het. Ons bid en vertrou dat die Here krag sal gee na kruis vir almal wat sukkel met hulle gesondheid.

**Teeskinkbeurte**

| | |
|---|---|
| 13 Feb: | Angeret Breedt; Jeanne Prinsloo; Judy Möller |
| 20 Feb: | Drienie Vorster; Ina vd Berg; Esthel Venter |
| 26 Feb: | Gretha Dreyer; Christie Steyn; Leatitia van Wyk |

Susters wat nog bereid is om tee te skink kan vir Jeanne 'n whatsapp stuur asb.

**Bybelstudie**

Daar is weer eerskomende Dinsdag oggend om 10uur bybelstudie in die saal. Almal is welkom.

## WYSHEID UIT SPREUKE

Spreuke 21:21

Wie na reg en liefde strewe, aan hom word 'n vol lewe en eer geskenk.

## *GEDAGTE VIR DIE DAG*

Dit is moontlik om te gee, sonder om lief te hê, maar dit is onmoontlik om lief te hê, sonder om te gee.***- Richard Braunstein -***

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**KERK SELFOON:** 071 403 4104
**ADM BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Vakant
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

## Houtwerk

Ek maak en verkoop klein en groot hout items. Ek maak ook hout tuin meubels. Skakel my gerus vir enige hout item wat jy wil hê en ek sal vir jou daarna kyk. Ek sal ook self kyk na ou meubels om dit te restoureer.
Sarel Breedt

## ***Dit gaan nie oor die krag van gebed nie; dit gaan oor God***

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

"Gebed het krag." Baie mense sê dit. Tog is dit nie die eintlike punt van gebed nie. As gebed bloot net krag sou hê, dan verskuif dit die fokus na onsself, wat hierdie krag gedurig moet ontsluit. Dan handel die "krag" van gebed eintlik net oor die effek wat gebed hier aan ons kant van die draad moet hê. Kort voor lank verskraal ons God dan tot die Een wat moet regstaan om ons gebede te verhoor. (Terloops, dink net hoe ongelukkig sal jyself wees as jou kinders gedurig vir almal vertel hulle het mag oor jou, omdat hulle jou so ver kry om vir hulle te gee wat hulle graag wil hê. Dan sal jy begin dink dat hulle jou net tot hulle eie voordeel probeer gebruik om dinge vir hulleself te kry.)

Wanneer ons opreg met God praat, hoef ons nie te wonder of ons gebede krag het nie. Ons is immers nie verbruikers van God se krag, soos wat ons verbruikers van Eskom se krag is (wanneer hulle dit wel die slag lewer!) nie. Gebed gaan oor God. Egte gebed is om leeggestroop van onsself voor God neer te val. Dit is om al ons hoop op die Here te plaas. Sulke gebede is leeg en vol tegelyk – leeg van onsself en vol van God se grootheid en eer. Ons leegheid van onsself is die geheim is tot die ervaring van God se nabyheid. Gebed is om leeggestroop van onsself te wees en om alles van Christus te verwag. Dan ontdek ons al hoe meer dat God die enigste Een is wat krag het. Ons paar gebedswoordjies kan niks op eie stoom in Sy teenwoordigheid regkry nie. Maar ons gebedswoorde, wat hand aan hand loop met harte wat gelowig op God gerig is, is iets totaal anders. Sulke gebede het die potensiaal om hemel en aarde te vul met lof, vreugde, dankbaarheid en genade. En om uitkoms te bring in tye van nood en groot rampe. God luister na elke gebed wat diep afhanklik en kinderlik opreg na Hom toe kom. Hy hoor alle gebede, wat gelowig volgens Sy wil gebid word. Bid so!